

Maandag 2 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 139; 2
Korintiërs 2:3-7**

**Fokusgedeelte: Eksodus 20:3;
Heidelbergse Kategismus 34:94**

Ons is voor sy aangesig

Jy mag geen ander gode voor die aangesig van God hê nie. Volstrek nie, en onder geen omstandighede nie. Want: dit is God, die Vader van ons Here Jesus, wat die lig van die evangelie in ons harte laat skyn het, dit is Hy wat sodoende, deur die Woord en die Gees, ons verlig het met die kennis van sy heerlijkheid in die aangesig van Christus (2 Kor. 2:6). Geen duisternis is vir Hom te donker nie (Ps. 139:12). Hy deurgrond my en ken my. Hy ken my sit en my opstaan. Hy sluit my van voor en van agter in. Hy lê sy hand op my.

Omdat Hy ons só in Christus voor sy aangesig laat kom, kán ons geen ander gode daarheen aandra of laat bestaan nie. Ook nie die “god van hierdie bedeling”, soos 2 Korintiërs 2:4 hom noem, nie. Dit is hierdie god wat jou denke só beïnvloed dat jy met self-regverdiging voor die aangesig van die ware God tree. Dit gebeur wanneer jy jouself voor God se aangesig met goeie werke, met godsdiens, met ’n ingesteldheid aanvaarbaar pro-beer maak.

Hierdie soort ding gebeur makliker as wat ons beseft. Juis omdat dit so aantreklik om die Psalm op sy kop te draai: Ek lê my hand op God. Ek deurgrond en ken Hom. Ek ken u sit en u opstaan. Ek ken van ver u gedagte. Ek is met U goed bekend ... So haak jy Hom by jou in en kom Hy voor jou aangesig. Ek én God. Jy skryf sodoende die fatale woordjie “en” met die beste bedoelings bo-oor die “géén” van die gebod wat in Christus vervul is toe Hy alleen voor die aangesig van God – ter wille van jou sieleheil – gestaan het. Uit genade alleen is jy voor die aangesig van God.

Dit is waarom die Kategismus vir ons en ons kinders praktiese raad gee: As dit jou oorkom, vlug daarvan weg. Slaan voet in die wind! Jy behoort immers nie aan jouself nie, maar aan Christus. Die Kategismus draai die wegvlug van Adam en Eva om. Vlug na Hom toe, na sy aangesig toe ... in Christus. Dit is alles in sy boek opgeskryf (Ps. 139:16). Die Psalm draai so weer reg: U deurgrond my en ken my. Voor u aangesig.

Sing: Psalm 139-1:1, 2, 3, 8

Dr. RM (Dolf) Britz (Bloemburg)